LOVE GOD GREATLY AFRIKAANS STUDIEGIDS

# IN JESUS IS JY...

VERSTAAN JOU IDENTITEIT IN CHRISTUS

*IN JESUS IS JY: VERSTAAN JOU IDENTITEIT IN CHRISTUS*

Kopiereg © 2021 deur Love God Greatly Bediening

Toestemming word verleen om hierdie dokument te druk en te herproduseer vir die doel om die *In Jesus is Jy: Verstaan Jou Identiteit in Christus* aanlyn Bybelstudie te voltooi. Moet asseblief nie hierdie dokument op enige manier verander nie. Alle regte voorbehou.

Gepubliseer in Dallas deur Love God Greatly.

## BY LOVE GOD GREATLY VIND JY WARE, LEWENSEGTE VROUENS. VROUENS WAT ONVOLMAAK, MAAR TOG VERGEWE IS.

Vrouens wat minder van hulself, en baie meer van Jesus begeer. Vrouens wat graag vir God deur Sy Woord wil leer ken, want ons weet dat die Waarheid ons verander en vry maak. Vrouens wat beter is wanneer hulle saam is, deurdrenk in God se Woord en in ‘n gemeenskap met mekaar.

Welkom vriendin. Ons is so bly dat jy hier is…

# INHOUDSOPGAWE


001 WELKOM
002 HULPBRONNE
003 LOVE GOD GREATLY
004 SOAP STUDIE
007 GETUIENIS
009 INLEIDING
010 LEESPLAN
012 JOU DOELWITTE
013 WEEK 1
038 WEEK 2
063 WEEK 3
088 WEEK 4
113 KEN HIERDIE WAARHEDE

# WELKOM

Ons is verheug dat jy by ons aangesluit het vir hierdie Bybelstudie! Eerstens, weet dat daar vir jou gebid is! Dit is geen toeval dat jy aan hierdie studie deelneem nie.

Ons gebed vir jou is eenvoudig: dat jy nader aan God sal groei soos wat jy elke dag in Sy Woord delf! Soos jy die dissipline ontwikkel om daagliks in God se Woord te wees, bid ons dat jy Hom meer sal liefkry soos jy tyd spandeer om die Bybel te lees.

Elke dag, voordat jy begin om die aangewese Bybelverse te lees, bid en vra God om jou te help om dit te verstaan. Vra Hom om met jou te praat deur Sy Woord. Luister dan. Dit is Sy werk om tot jou te spreek, en jou werk om te luister en te gehoorsaam.

Neem tyd om die verse oor en oor te lees. Ons word in Spreuke geleer om te soek en ons sal vind: "Soek vir dit soos jy silwer sou soek, spoor dit op soos 'n verborge skat. Dan sal jy weet hoe om die Here te dien, sal jy ontdek wat dit is om God te ken." (Spreuke 2:4)

Almal van ons hier by *Love God Greatly* kan nie wag vir jou om te begin nie, en ons hoop om jou by die wenstreep te sien. Volhard, druk deur—en moenie opgee nie! Eindig sterk met dít waarmee jy vandag begin. Ons sal elke tree van die pad hier wees om jou aan te moedig! Ons is saam in hierdie proses. Streef daarna om vroeg op te staan, om die spanning van die dag opsy te skuif, om alleen te sit en tyd in God se Woord te spandeer! Kom ons sien wat God vir jou wil leer in hierdie studie! Reis saam met ons soos ons leer om God heelhartig met ons lewens lief te hê!

*Maak gebruik van die volgende hulpbronne terwyl jy die studie volg:*

- Weeklikse Blogs
- Weeklikse Memoriseerverse
- Weeklikse Uitdagings
- Facebook, Twitter, Instagram
- LoveGodGreatly.com
- LoveGodGreatly.com/afrikaans
- Hashtags: #LoveGodGreatly #LoveGodGreatlyAfrikaans

# HULPBRONNE

*Sluit By Ons Aan*

### AANLYN

lovegodgreatly.com

lovegodgreatly.com/afrikaans

### WINKEL

lovegodgreatly.com/store

### FACEBOOK

facebook.com/LoveGodGreatly

facebook.com/Love-God-Greatly-Afrikaans-717623225000335

### INSTAGRAM

instagram.com/lovegodgreatlyofficial

instagram.com/liefgodgrootliks

instagram.com/lovegodgreatlyafrikaans

### TWITTER

@_LoveGodGreatly

### LAAI DIE APP AF

### KONTAK ONS

info@lovegodgreatly.com

lovegodgreatlyafrikaans@gmail.com

### SKAKEL BY ONS IN

#LoveGodGreatly

#LoveGodGreatlyAfrikaans

# LOVE GOD GREATLY

*Love God Greatly* (LGG) is ‘n pragtige gemeenskap van vrouens wat ‘n verskeidenheid soorte van tegnologie gebruik om mekaar verantwoordbaar te hou in God se Woord. Ons begin met ‘n eenvoudige Bybel leesplan, maar dit eindig nie daar nie.

Sommige vrouens kom bymekaar in hulle plaaslike huise en kerke, terwyl ander aanlyn met vrouens van reg oor die wêreld inskakel. Watter metode ons ookal gebruik, ons neem liefdevol mekaar se hande en verenig vir hierdie doel: om God heelhartig met ons lewens lief te hê.

*Sal jy dit oorweeg om uit te reik en hierdie studie saam met iemand anders te doen?*

In vandag se vinnig-veranderende, tegnologie-gedrewe wêreld, is dit maklik om God se Woord te bestudeer in ‘n geïsoleerde omgewing wat nie aanmoedig en ondersteuning bied nie, maar dit is nie die doel hier by *Love God Greatly* nie. God het ons geskape om in gemeenskap met Hom en die mense rondom ons te leef.

Ons het mekaar nodig, en ons leef die lewe beter saam. Sal jy dit oorweeg om uit te reik en hierdie studie saam met iemand anders te doen?

Wees verseker dat ons saam met jou hierdie studie gaan doen—ons gaan saam met jou leer, jou aanmoedig, soete samesyn geniet en van oor tot oor glimlag soos ons sien hoe God vrouens saamsnoer—doelgerig harte en gedagtes saambind tot Sy eer.

So hier is die uitdaging: betrek jou moeder, jou suster, jou ouma, die vrou oorkant die straat, of die universiteitsvriendin aan die ander kant van die land. Betrek ‘n groep vrouens van jou kerk of jou werk, of ontmoet in ‘n koffiewinkel met vriende wat jy nog altyd beter wou leer ken.

Arm om arm en hand in hand. Kom ons doen dit…saam.

# DIE SOAP BYBELSTUDIE METODE

## HOE EN HOEKOM

*Die mees belangrike bestanddele van die SOAP metode is jou interaksie met God se Woord en jou toepassing daarvan in jou lewe.*

By *Love God Greatly* glo ons dat die Woord van God lewendig en aktief is. Ons glo dat die woorde van die Bybel kragtig en effektief is en toepaslik is vir die lewe in alle tye en alle kulture. Ons weet ook dat die Bybel geskryf is vir spesifieke gehore in spesifieke kulture op spesifieke tye. Ons glo dat, om die Bybel korrek te kan interpreteer, ons 'n begrip moet hê van die konteks van die oorspronklike geskrifte.

Ons gebruik die SOAP Bybelstudie metode om die Bybel te bestudeer. Hierdie Engelse akroniem staan vir die woorde Scripture, Observation, Application, en Prayer (Skrifgedeelte, Observasie, Interpretasie en Gebed). Dit is een ding om net die Bybel te lees. Wanneer jy interaksie het met die Woord, doelbewus jou tyd neem om werklik daaroor te bepeins, dan begin waarhede vir jou uitstaan. Die SOAP metode maak dit vir jou moontlik om dieper te delf in die Bybel en meer te sien as wanneer jy net die verse lees. Dit help ons om nie net te hoor wat die Woord sê nie, maar om te doen wat die Woord sê (Jakobus 1:22).

In hierdie joernaal sal jy daagliks verse hê om te lees en 'n paar verse om te SOAP. Ons lees 'n gedeelte van die Bybel en pas dan die SOAP metode toe op 'n paar verse. Ons glo dat hierdie metode ons help om 'n beter begrip van die Bybel te kry, wat ons dan toelaat om dit effektief in ons lewens toe te pas.

Die mees belangrike bestanddele van die SOAP metode is jou interaksie met God se Woord en jou toepassing daarvan in jou lewe. Jy sal nooit tyd mors in God se Woord nie. Dit is kragtig en effektief. Neem jou tyd om dit nougeset te bestudeer, en om die waarheid van God se karakter en sy hart vir die wêreld te ontdek.

Ons moedig jou aan om die SOAP metode toe te pas wanneer jy die daaglikse verse lees. Neem asseblief die tyd om te SOAP deur ons Bybelstudies en sien vir jouself hoeveel meer jy uit jou daaglikse stiltetyd kry.

Jy sal verbaas wees.

# SOAP STUDIE *(VOORTGESIT)*

**S** STAAN VIR
**SCRIPTURE (SKRIFGEDEELTE)**

*Skryf die verse ten minste een keer neer.*

*Neem jou tyd, skryf die verse uit die Bybel neer en fokus op wat jy skryf.*

*Dit is altyd goed om dit meer as een keer neer te skryf.*

### MAANDAG

LEES
*1 Timoteus 1:1-7*

SOAP
*1 Timoteus 1:5-7*

*Scripture*

SKRYF DIE BYBELVERSE VIR VANDAG NEER.

Hierdie geloof en liefde is gegrond op die hoop wat vir Julle in die hemel bewaar word en waarvan Julle reeds gehoor het toe die waarheid, die evangelie, aan Julle verkondig is. Die evangelie het Julle bereik, en net soos dit in die hele wêreld vrug voortbring en verder versprei, gebeur dit ook by Julle van die dag af dat Julle van God se genade gehoor het en dit leer ken het soos dit werklik is. Julle is daarin onderrig deur Epafras, ons geliefde medewerker en 'n getroue dienaar van Christus in Julle belang. Dit is ook hy wat ons vertel het van die liefde wat deur die Gees in Julle gewek is.

*Observations*

SKRYF 1 OF 2 OPMERKINGS UIT DIE VERSE NEER.

Wanneer Jy geloof en liefde kombineer, kry Jy hoop.
Ons moet onthou dat ons hoop in die hemel is......dit wag op ons. Die evangelie is die Woord van Waarheid. Die evangelie dra vrugte en groei van die eerste dag tot die laaste. Dit neem net een persoon om 'n hele gemeenskap te verander...Epafras.

**O** STAAN VIR
**OBSERVATION (OBSERVASIE)**

*Neem jou tyd om die Skrifgedeelte nougeset waar te neem.*

*Wat sien jy in die verse wat jy lees? Wie is die gehoor vir wie dit geskryf is? Met wie praat die skrywer? Watter kulturele faktore speel 'n rol? Word enige woorde of temas herhaal? Watter literêre middels (bv. beeldsprake, vergelykings) word gebruik?*

**A** STAAN VIR **APPLICATION (TOEPASSING)**

*Nadat jy nougeset waargeneem het wat in die Skrifgedeelte gebeur, bepaal wat die hoofboodskap of waarheid van hierdie gedeelte is.*

*Hoe kan jy hierdie waarheid in jou lewe toepas?*

*Wat moet jy vandag doen, in die lig van hierdie waarheid?*

*Applications*

SKRYF 1 OF 2 TOEPASSINGS UIT DIE VERSE NEER.

God het een man, Epafras, gebruik om 'n hele dorp te verander! Ek was daaraan herinner dat ons net geroep is om ander van Christus te vertel....... God sal die evangelie laat versprei..... om dit te laat groei en vrugte te dra. Ek voel dat vandag se verse direk spreek to EGG..."en net soos dit in die hele wereld vrug voortbring en verder versprei, gebeur dit ook by Julle van die dag af dat Julle van God se genade gehoor het en dit leer ken het soos wat dit werklik is."

*Pray*

SKRYF 'N GEBED OOR WAT JY GELEER HET UIT VANDAG SE SKRIFGEDEELTE.

Liewe Here, help my asseblief om 'n "Epafras" te wees - om ander mense van U te vertel, en die resultate dan in U liefdevolle hande te los. Help my asseblief om dit wat ek gelees het, te verstaan en toe te pas in my persoonlike lewe, sodat ek elke dag meer en meer soos U kan word. Help my om 'n lewe te lei wat vrugte dra van geloof en liefde. Anker my hoop in die hemel, nie hier op die aarde nie. Help my om te onthou dat die BESTE nog voorlê!

**P** STAAN VIR **PRAYER (GEBED)**

*Bid God se Woord terug na Hom.*

*As Hy iets in hierdie tyd aan jou geopenbaar het, bid daaroor.*

*Bely enige sonde wat God geopenbaar het.*

*Bid oor die waarheid wat jy uit hierdie Skrifgedeelte geleer het.*



# GETUIENIS

## WILLEMIEN, NEDERLANDSE TAK

Onthou jy hoe jy as kind die ou liedere in die kerk gesing het? Vir my bring dit herinneringe van giggel én fronse terug. Wat beteken al hierdie woorde van ouds? Een lied wat my verwar het was '*On Christ, the solid Rock, I stand*'. Wat beteken dit nou eintlik om te staan op 'n soliede rots wat nie 'n rots van klip is nie? Ek het geen idee gehad nie.

Deur God se Woord te bestudeer het ek besef dat om op 'n rots te staan gaan oor my fondament. My soliede grond is die grond waarop ek staan om 'n standvastige persoon te wees. Deur die Bybel te bestudeer, het ek so baie oor my identiteit in Christus geleer. Ek word nie gedefinieer deur wat die wêreld sê ek is nie, ek is nie die somtotaal van my prestasies nie; ek is wie Christus sê ek is. Deur sy Woord sê Hy vir my dat ek geliefd is. Hy sê vir my dat ek 'n nuwe skepping is. Hy sê vir my dat ek na sy beeld geskape is.

Vier jaar gelede het ek begin om vertaalwerk vir Love God Greatly te doen. Om die woorde in Engels te lees, na te dink oor hoe om dit die beste te vertaal en dan my vertaling weer deur te lees ten einde dit te verbeter, was vir my 'n ongelooflike seën. Ek het elke woord noukeurig oorweeg. Deur my oë op Jesus te rig terwyl ek geskryf het, het my gehelp om bewus te wees van my Rots. Die *Nader tot God* studie het my gehelp om God se Woord in diepte te bestudeer. Die *Woorde Maak Saak* studie het my soveel geleer oor hoe om my gedagtes gevange te neem en my denke met God se Waarheid te vul. *Jesus ons Alles* het my soveel geleer oor die verhewenheid van Christus. Daar is 'n leeftyd se lesse te vinde deur die bestudering van die Bybel.

Die Bybel het my ontsaglik baie geleer oor wie God is. Deur sy Woord leer God my hoe om op my Rots te staan. Wanneer my hart oorweldig is, wil ek na die Rots gaan wat hoër as ek is. God is my toevlug en my veilige vesting. Nog woorde van ouds, uit liedere van ouds. Hulle laat my nie meer giggel of frons nie. Nou vul hulle my hart met bewondering en dankbaarheid vir wie Hy is.

*Willemien*

***Om hierdie tak te kontak:***

- Facebook: facebook.com/LGGNL
- Instagram: @lovegodgreatlynederlands
- Email: lovegodgreatlynederlands@gmail.com
- Website: lovegodgreatly.com/dutch

Ken jy iemand wat ons *Love God Greatly* Bybelstudies in Nederlands kan gebruik? Indien wel, maak 'n punt daarvan om hulle te vertel van Love God Greatly Nederlands en al die wonderlike Bybelstudie-hulpbronne wat ons bied om hulle toe te rus met God se Woord!

*Hoe kan jy vir hierdie tak bid?*

Bid asseblief vir die Nederlandse span, dat ons versterk sal word met die wete dat ons veilig in Jesus Christus is; dat ongeag waarmee ons in die lewe gekonfronteer word, ons stewig in die Rots van ons verlossing gewortel sal wees.

Bid asseblief dat meer en meer mense in Nederland Jesus as hul Rots en Verlosser sal aanvaar.

Bid asseblief dat baie vroue deur hierdie studie bewus sal wees van hul identiteit in Christus.

# IN JESUS IS JY

*Verstaan Jou Identiteit in Christus*

*Kom ons begin*

# INLEIDING
## IN JESUS IS JY

Identiteit word gedefinieer as wie of wat 'n persoon of iets is. Dit is maklik om ons identiteit te definieer deur ons gesin, ons loopbaan, ons vriende, ons stokperdjies of ons nasionaliteit. Ons bepaal dikwels ons identiteit deur ons optrede, ons woorde of ons reputasie (wat ander van jou dink en die werklikheid). Ons skep 'n identiteit beide bewustelik en onbewustelik. Ons het almal 'n unieke identiteit, maar dit kan moeilik wees om vas te stel hoe ons identiteit gevorm is of hoekom ons onsself op 'n bepaalde wyse definieer. Dit kan moeilik wees om te weet of ons identiteit eg is, en of ons vir onsself 'n valse identiteit gegee het.

Ons kan nie ons volle potensiaal uitleef sonder om ons ware identiteit te ken nie. In Christus het ons 'n veilige, onveranderlike identiteit. Hy het sy stempel op ons lewens afgedruk deur sy lewe, dood en opstanding. Sy werk aan die kruis het ons verander, ons gemerk as sy eie.

Deur die offer van Christus kan ons nuut gemaak word. Hy het die prys vir ons sondes betaal, sodat ons sonder skuld en skande kan leef. Hy het ons sonde bedek en ons 'n nuwe mens gemaak. Ons is vergewe in Hom, vrygespreek deur sy offer. Ons is verlos uit ons vorige lewenswyse, beseël as syne vir ewig.

Hoewel dit dikwels die moeilikste vir ons is om te glo, bly ons identiteit in Christus vas. Hy het ons gekies. Hy het ons verlos. En Hy sal ons nooit laat los nie. As ons gekies het om ons geloof in Christus te plaas, is ons God se kinders en is ons vir ewig veilig in Hom.

Terwyl jy jou identiteit in Christus bestudeer, vra God om voortdurend sy liefde vir jou te openbaar. Vra Hom om dele van jou lewe te ontbloot waar dit moeilik is om sy waarheid te glo. Dis God se begeerte dat jy sal weet wie jy in Hom is. Kom ons soek saam in sy Woord na die waarheid van wie ons is in Jesus.

# SOAP LEESPLAN

## WEEK 1

Maandag – Ek is ’n Nuwe Mens
Lees: 2 Korintiërs 5:17; Kolossense 3:9–10
SOAP: 2 Korintiërs 5:17

Dinsdag – Ek is Vergewe
Lees: Efesiërs 1:7–8; 1 Johannes 1:9
SOAP: Efesiërs 1:7

Woensdag – Ek is Geregverdig/Vrygespreek
Lees: Romeine 5:1–2
SOAP: Romeine 5:1–2

Donderdag – Ek is Bevry
Lees: Psalm 107:1–3; Jesaja 43:1–3; Romeine 8:1–4
SOAP: Jesaja 43:1

Vrydag – Ek is Beseël
Lees: 2 Korintiërs 1:21–22
SOAP: 2 Korintiërs 1:21–22

## WEEK 2

Maandag – Ek is Gered
Lees: Johannes 3:16–17; Kolossense 1:11–14; Hebreërs 2:14–15
SOAP: Kolossense 1:13

Dinsdag – Ek is Gered
Lees: Romeine 5:8–10; Efesiërs 2:1–5
SOAP: Efesiërs 2:4–5

Woensdag – Ek is Vry
Lees: Johannes 8:36; 2 Korintiërs 3:17
SOAP: Johannes 8:36

Donderdag – Ek is Geliefd
Lees: 1 Johannes 4:10–19; Romeine 8:35–39
SOAP: 1 Johannes 4:10

Vrydag – Ek is Ontvang
Lees: Romeine 15:7–9
SOAP: Romeine 15:7

## WEEK 3

Maandag – Ek is Aangeneem
Lees: Efesiërs 1:5–6; Kolossense 1:12–13
SOAP: Efesiërs 1:5

Dinsdag – Ek is ‘n Kind van God
Lees: Johannes 1:12; 1 Johannes 3:1–2
SOAP: Johannes 1:12

Woensdag – Ek is Uitverkies
Lees: Efesiërs 1:4; 1 Petrus 2:9
SOAP: 1 Petrus 2:9

Donderdag – Ek is ‘n Burger van die Hemel
Lees: Efesiërs 2:19; Filippense 3:20
SOAP: Filippense 3:20

Vrydag – Ek Word Deur God Geken
Lees: Psalm 139:1–3; 1 Korintiërs 8:3
SOAP: Psalm 139:1

## WEEK 4

Maandag – Ek is Doelbewus Gemaak
Lees: Psalm 139:13–18
SOAP: Psalm 139:13–14

Dinsdag – Ek is Geseënd
Lees: Numeri 6:24–26; 2 Korintiërs 9:8–10; Efesiërs 1:3
SOAP: Efesiërs 1:3

Woensdag – Ek is Toegerus
Lees: Efesiërs 2:10; 2 Timoteus 3:16–17
SOAP: Efesiërs 2:10

Donderdag – Ek is Bekragtig
Lees: 1 Korintiërs 12:4–11; 2 Korintiërs 12:9; Filippense 4:13
SOAP: Filippense 4:13

Vrydag – Ek is ‘n Oorwinnaar
Lees: 1 Johannes 4:4
SOAP: 1 Johannes 4:4

# JOU DOELWITTE

Ons glo dat dit belangrik is om doelwitte neer te skryf vir hierdie studie. Neem nou tyd en skryf drie doelwitte neer waarop jy wil fokus soos jy elke dag opstaan en in God se Woord delf. Maak seker dat jy terugverwys na hierdie doelwitte tydens die volgende paar weke, om jou te help om gefokus te bly. Jy kan dit doen!

1.

2.

3.

Handtekening:

Datum:

# WEEK 1

*Iemand wat aan Christus behoort, is 'n nuwe mens. Die oue is verby, die nuwe het gekom.*

**2 KORINTIËRS 5:17**

# GEBED

## SKRYF JOU GEBEDSVERSOEKE EN LOFPRYSINGS VIR ELKE DAG NEER.

Gebedsfokus vir hierdie week:
Spandeer tyd om vir jou familie te bid.

MAANDAG

DINSDAG

WOENSDAG

DONDERDAG

VRYDAG

# UITDAGING

In Christus is jy 'n nuwe skepping! Skryf hierdie week al die maniere hoe jy gesien het hoe God jou lewe vernuwe en jou 'n nuwe skepping in Christus gemaak het, neer. Vra God hierdie week om sy werk in jou te openbaar.

# MAANDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 1*

*2 Korintiërs 5:17*
Iemand wat aan Christus behoort, is ’n nuwe mens. Die oue is verby, die nuwe het gekom.

*Kolossense 3:9-10*
en moenie vir mekaar lieg nie. Julle het met die ou, die sondige mens en sy gewoontes gebreek 10 en leef nou die lewe van die nuwe mens, wat al hoe meer vernuwe word na die beeld van sy Skepper en tot die volle kennis van God.

# MAANDAG

LEES:
*2 Korintiërs 5:17; Kolossense 3:9–10*

SOAP:
*2 Korintiërs 5:17*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# MAANDAG

*Dagstukkies vir Week 1*

#### SOAP

*2 Korintiërs 5:17*

*"Iemand wat aan Christus behoort, is 'n nuwe mens. Die oue is verby, die nuwe het gekom."*

#### OORDENKING

Wie dink jy is jy? Gesê met 'n sekere houding, is dit 'n vraag wat ons verdedigend, uit plek of skuldig laat voel. As dit egter met opregte belangstelling gevra word, kan dit ons lei om stil te raak en te besin, in ag genome al die elemente wat van ons maak wie ons is. Ons voorouers, ons werk, ons stokperdjies, die fase van ons lewe en ons verhoudings is net 'n paar maniere waarop ons onsself identifiseer.

In hierdie studie sal ons tyd neem om hierdie vraag deur 'n Bybelse lens te antwoord terwyl ons ontdek wie ons is in Jesus. Wie sê Hy is ons? Watter titels en rolle ken Hy aan ons toe? Hoe beïnvloed ons verhouding met Hom ons identiteit?

Ons Skriflesing vir vandag kom uit 2 Korintiërs, 'n brief in die Nuwe Testament wat deur Paulus geskryf is aan 'n vroeë Christelike kerk in 'n stad met die naam Korinte. In hierdie gedeelte van sy brief moedig Paulus die vroeë kerkleiers aan om te begryp dat hulle nie net met God versoen is deur die geboorte, dood en opstanding van Christus nie, maar dat hulle hulself - en ander gelowiges - as nuwe mense moes sien.

Dit kan moeilik wees om te aanvaar dat iemand wat ons ons hele lewe lank geken het, regtig verander het as ons hulle net op een manier geken het. Paulus het die kerk, wat ons insluit, daaraan herinner om nie op die uiterlike identiteit van ander gelowiges te fokus nie, maar op ons nuwe identiteit. In Jesus is ons 'n nuwe mens. Die ou manier van dinge doen, gedagtes en motiverings kan in die verlede agterbly terwyl ons in vryheid wandel na die volgende stap in ons reis saam met Jesus.

#### GEBED

Vader, dankie dat U Jesus gestuur het om te lewe en te sterwe en weer opgewek te word sodat ek 'n nuwe mens kan word. Ek bid dat my woorde en dade eer aan U sal bewys, sodat ek maklik as u kind geïdentifiseer kan word. Help my om in vryheid te wandel en die oue agter te laat, sodat ek met ope arms kan aanneem wie U sê ek is. Amen.

# DINSDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 1*

*Efesiërs 1:7-8*
Deur die bloed van sy Seun is ons verlos en is ons oortredinge vergewe kragtens die ryke genade van God 8 wat Hy in al sy wysheid en insig so oorvloedig aan ons geskenk het.

*1 Johannes 1:9*
Maar as ons ons sondes bely – Hy is getrou en regverdig, Hy vergewe ons ons sondes en reinig ons van alle ongeregtigheid.

# DINSDAG

LEES:
*Efesiërs 1:7–8; 1 Johannes 1:9*

SOAP:
*Efesiërs 1:7*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# DINSDAG

*Dagstukkies vir Week 1*

## SOAP

*Efesiërs 1:7*

*"Deur die bloed van sy Seun is ons verlos en is ons oortredinge vergewe kragtens die ryke genade van God ...*

## OORDENKING

Het jy al ooit gevoel dat jou identiteit toegedraai en vasgevang is in die foute van jou verlede, in plaas van in die hoop van jou toekoms? Hoewel die meeste van ons onsself nooit aan iemand sal voorstel met 'n lys van ons mislukkings en sondes nie, het ons waarskynlik gevind dat ons ander identifiseer deur wat hulle gedoen het en hoe hulle ons seergemaak het, in plaas van wie hulle regtig is.

As ons die tyd neem om te ondersoek wat God se Woord oor ons identiteit sê, ontdek ons dat Hy ons nie sien soos die wêreld ons sien nie. Hy sien ons harte, en deur die dood van sy Seun aan die kruis kan ons vir ons 'n nuwe identiteit eis as ons Hom as ons Verlosser aanvaar: vergewe.

Ons word nie net die klein dingetjies vergewe nie, of net tydelik vergewe nie. As ons God vra om ons sondes te vergewe, vergewe Hy onvoorwaardelik en ten volle. God sal nie jou foute van die verlede gebruik om teen jou te hou of om jou te definieer nie. In Christus is ons vergewe.

Paulus se brief aan die Efesiërs bevat 'n pragtige gedeelte van die Skrif wat geleerdes as doksologie identifiseer. In Efesiërs 1:3–14 het Paulus God geprys terwyl hy ons aandag gevestig het op die wonderlike dinge wat God vir ons gedoen het. As ons tyd spandeer om te onthou wat God alles vir ons gedoen het, die manier waarop Hy ons verlossing beplan het, alles wat gedoen is om ons verhouding met Hom te herstel, en die vergifnis wat ons deur Jesus gebied word, behoort ons te reageer met dankbaarheid en bereidwilligheid om daardie selfde liefde en vergifnis aan ander te bied.

Wanneer ons leef as dogters van God wat volkome vergewe is, sal ons harte oorloop van dankbaarheid vir die geskenk wat God ons gegee het, en sal ons onsself en ander kan vergewe.

## GEBED

Here, dankie vir die gawe van vergifnis wat U deur Jesus bied en die herstel wat dit in my verhouding met U bring. Help my asseblief om 'vergewe' as deel van my identiteit te eis en om hierdie geskenk vrylik aan ander oor te dra. Amen.

# WOENSDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 1*

*Romeine 5:1-2*

God het ons dan nou vrygespreek deurdat ons glo. Daarom is daar nou vrede tussen ons en God deur ons Here Jesus Christus. 2 Deur Hom het ons in die geloof ook die vrye toegang verkry tot hierdie genade waarin ons nou vasstaan. En ons verheug ons ook in die hoop om deel te hê aan die heerlikheid van God.

# WOENSDAG

LEES:
*Romeine 5:1–2*

SOAP:
*Romeine 5:1–2*

## *Scripture*

SKRYF DIE BYBELVERSE VIR VANDAG NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2 OPMERKINGS UIT DIE VERSE NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2 TOEPASSINGS UIT DIE VERSE NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED OOR WAT JY GELEER HET UIT VANDAG SE SKRIFGEDEELTE.

# WOENSDAG

*Dagstukkies vir Week 1*

## SOAP

*Romeine 5:1–2*

*"God het ons dan nou vrygespreek deurdat ons glo. Daarom is daar nou vrede tussen ons en God deur ons Here Jesus Christus. Deur Hom het ons in die geloof ook die vrye toegang verkry tot hierdie genade waarin ons nou vasstaan. En ons verheug ons ook in die hoop om deel te hê aan die heerlikheid van God."*

## OORDENKING

Die woordeboek definieer 'regverdig' as moreel reg of geregverdig. Ons regverdig ons optrede deur ons motiewe te verduidelik, of hoe dit tot 'n positiewe uitkoms gelei het. Ons regverdig die geld wat ons spandeer of die ekstra sny koek of die feit dat ons op vakansie gaan deur te probeer bewys dat ons dit nodig het of verdien.

Wanneer ons Jesus as ons Verlosser aanneem, Hom vra om ons sondes te vergewe en ons lewens aan Hom toewy, word ons regverdig verklaar. Alles wat ons van God geskei het, word bedek deur Jesus se offer aan die kruis. Ons word nie net nuut gemaak nie, maar ons word herstel voor God.

In die vroeëre hoofstukke van Paulus se brief aan die Romeine het hy ons behoefte aan redding verduidelik en hoe ons redding kan ontvang. In hoofstuk 5, waar ons Skrifgedeelte vandag begin, ondersoek Paulus die voordele wat ons ontvang as gevolg van ons redding.

Vrede. Wanneer ons herstel word voor God deur Jesus Christus, ervaar ons die vrug van vrede. Vrede help ons om met selfvertroue te leef en op te tree as gevolg van wat Jesus vir ons gedoen het. Hierdie vrede en vertroue is nie gebaseer op ons omstandighede of wat ons kan bereik nie, maar is werklik en blywend en kom slegs van Jesus af.

Toegang. Layman's New Testament Bible Commentary merk op dat die woord wat vir 'toegang' gebruik word, nie bloot 'n oop deur is waar ons deurloop nie, maar 'verwys na iemand wat in die teenwoordigheid van koninklikes ingelei word, of 'n skip wat die beskerming van 'n veilige hawe invaar.' As ons herstel word voor God, word ons in 'n plek van beskerming, rus en veiligheid gebring.

## GEBED

Hemelse Vader, dankie dat U my so liefhet dat U vir my 'n manier skep om herstel te word voor U. U maak my nuut, U vergewe my, en U maak 'n weg sodat ek in vrede voor U kan verskyn en rus kan vind. Here, ek loof U en het U lief. Amen.

# DONDERDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 1*

*Psalm 107:1-3*
"Loof die Here, want Hy is goed,
aan sy liefde is daar geen einde nie!"
2 So moet die mense sê
wat deur die Here bevry is,
dié wat Hy uit hulle nood bevry het
3 en uit baie lande versamel het,
uit die ooste en die weste,
die noorde en die suide.

*Jesaja 43:1-3*
Luister, so sê die Here
wat jou geskep het, Jakob,
wat jou gevorm het, Israel:
Moenie bang wees nie, Ek verlos jou,
Ek het jou op jou naam geroep,
jy is Myne.
2 As jy deur water moet gaan,
is Ek by jou,
deur riviere,
hulle sal jou nie wegspoel nie;
as jy deur vuur moet gaan,
sal dit jou nie skroei nie,
die vlamme sal jou nie brand nie,
3 want Ek is die Here jou God,
die Heilige van Israel, jou Redder.
Ek gee Egipte as losprys vir jou,
Kus en Seba in jou plek.

*Romeine 8:1-4*
Daar is dus nou geen veroordeling vir dié wat in Christus Jesus is nie. 2 Die wet
van die Gees wat aan jou in Christus Jesus die lewe gee, het jou vrygemaak van die
wet van sonde en dood. 3 Wat die wet nie by magte was om te doen nie, omdat dit
weens ons sondige natuur te swak was, dit het God gedoen. Hy het met die sonde
afgereken deur sy eie Seun in dieselfde gestalte as die sondige mens te stuur; so het
Hy die sonde in die sondige bestaan van die mens veroordeel. 4 Nou kan ons aan
die eise van die wet voldoen, óns wat ons lewe nie deur ons sondige natuur laat
beheers nie, maar deur die Gees.

# DONDERDAG

LEES:
*Psalm 107:1–3; Jesaja 43:1–3; Romeine 8:1–4*

SOAP:
*Jesaja 43:1*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2 TOEPASSINGS UIT DIE VERSE NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED OOR WAT JY GELEER HET UIT VANDAG SE SKRIFGEDEELTE.

# DONDERDAG

*Dagstukkies vir Week 1*

## SOAP

*Jesaja 43:1*

*"Luister, so sê die Here wat jou geskep het, Jakob, wat jou gevorm het, Israel: Moenie bang wees nie, Ek verlos jou, Ek het jou op jou naam geroep, jy is Myne."*

## OORDENKING

Dis belangrik om iemand se naam te ken. Dit beteken ons het tyd gemaak om hulle te leer ken, ons onthou hulle, en hul naam onderskei hulle van die ander mense wat ons ken. Wanneer ons iemand op hul naam aanspreek, toon dit agting en respek. Die byname wat ons vir ons geliefdes of naby vriende gee, voeg 'n mate van gemeensaamheid en omgee daarby.

Reeds van die heel begin af was jy deel van God se plan. Hy ken jou, Hy gee om vir jou, en Hy het 'n reeks gebeure aan die gang gesit wat alles sou lei tot sy pragtige plan om die mensdom te verlos. In ons Skriflesing van vandag word ons herinner dat God ons geskape het, ons gevorm het, ons beskerm, ons name ken en ons Syne noem.

Ons identiteit as Christene berus nie op wat ons kon bereik nie, maar op wat Hy kosteloos vir ons gedoen het. In Christus is ons verlos deur die groot uitruiling van sy lewe as betaling vir ons sondes.

Ons is vrygemaak (of verlos), nie deur 'n God daar ver wat die hele mensdom saamvoeg nie, maar 'n God wat ons elkeen by die naam ken. Hy ken jou, Hy het 'n plan vir jou, Hy het vir jou gawes en vaardighede gegee en 'n bepaalde plek en tyd om dit vir sy koninkryk te gebruik. God het jou innig lief – nie as 'n getal of 'n statistiek of in algemene terme nie. Hy ken jou naam, en jy is Syne.

## GEBED

God, dit is oorweldigend om te dink U ken my naam en gee so persoonlik vir my om. Wat 'n eer dat U soveel aan my dink en my so liefhet dat U my U s'n noem. Dit is deur u Seun dat ek my identiteit as verloste dogter van die Koning kan toeëien. Amen

# VRYDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 1*

*2 Korintiërs 1:21-22*

God self het ons saam met julle op hierdie vaste grond gevestig: op Christus. God het ons vir Hom afgesonder, 22 ons as sy eiendom beseël en die Heilige Gees in ons harte gegee as waarborg van wat ons nog sal ontvang.

# VRYDAG

LEES:
*2 Korintiërs 1:21–22*

SOAP:
*2 Korintiërs 1:21–22*

*Scripture*

SKRYF DIE BYBELVERSE VIR VANDAG NEER.

*Observations*

SKRYF 1 OF 2 OPMERKINGS UIT DIE VERSE NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# VRYDAG

*Dagstukkies vir Week 1*

## SOAP

*2 Korintiërs 1:21–22*

*"God self het ons saam met julle op hierdie vaste grond gevestig: op Christus. God het ons vir Hom afgesonder, ons as sy eiendom beseël en die Heilige Gees in ons harte gegee as waarborg van wat ons nog sal ontvang."*

## OORDENKING

Het jy al ooit 'n produk by die kruidenierswinkel opgetel en 'n waarskuwing daarop gesien wat sê, "Moenie gebruik indien die seël beskadig is nie"? Items word verseël om die inhoud binne-in teen enigiets skadeliks aan die buitekant te beskerm. In die verlede was briewe met was verseël ter wille van privaatheid en vandag word belangrike dokumente in koeverte verseël.

Wat word daarmee bedoel dat ons in Jesus beseël is? Behalwe dat seëls sekuriteit en beskerming bied, was dit ook aangebring as 'n manier om eienaarskap van 'n item aan te dui. Dit is God wat ons stewig op Christus vestig, wat ons salf en ons as Syne afsonder. Ons identiteit in God is gewaarborg, nie op grond van die werk wat ons kan doen nie, maar as gevolg van die Heilige Gees wat in ons aan die werk is, ons heilig maak, ons van ons verlede los maak en ons 'n volkome verloste toekoms belowe.

In teenstelling met seëls op kos of briewe waarmee daar gepeuter, wat afgeskeur of gesmelt kan word, is God se seël op ons veilig. Ons identiteit as kind van God staan vas, terwyl die Vader, Seun en Heilige Gees almal in, deur en vir ons werk, nou en vir altyd.

In 2 Korintiërs 1:19-20 skryf Paulus: "Hy is die 'ja' van God, die 'ja' op al die beloftes van God. Daarom is dit ook deur Christus dat ons tot eer van God daarop 'Amen' sê." Ons identiteit in God staan vas en al sy beloftes is "ja"—dit sal op sy volmaakte tyd en manier gebeur—en "amen"—sy beloftes is waar, betroubaar en sal bevestig word.

## GEBED

God, wanneer die wêreld my identiteit probeer afbreek en betwis wie ek dink ek is, herinner my dan dat ek U s'n is. U het my uitgekies, my gevestig, my beseël en U sal u beloftes aan my gestand doen. Aan U al die heerlikheid en eer. Amen.

# OORDENKINGSVRAE

1. Hoe word jy tot ‘n nuwe skepping in Christus gemaak? Op watter maniere het Christus jou ou natuur uit jou lewe verwyder en jou meer soos Hy gemaak?

2. Wat beteken dit dat ons verlos is deur die bloed van Christus?

3. Op watter maniere het jy Christus se vergifnis ervaar toe jy jou sondes aan Hom bely het?

4. Wat beteken dit om vrygespreek te wees deur die geloof? Hoe gee dit ons vrede om deur geloof vrygespreek te wees?

5. Watter vertroosting vind jy in die wete dat God jou ken en jou by die naam noem?

# NOTAS

# NOTAS

# WEEK 2

*Maar God is ryk in barmhartigheid en het ons innig lief. Deur sy groot liefde het Hy ons wat dood was as gevolg van ons oortredings, saam met Christus lewend gemaak. Uit genade is julle gered!*

**EFESIËRS 2:4-5**

# GEBED

## SKRYF JOU GEBEDSVERSOEKE EN LOFPRYSINGS VIR ELKE DAG NEER.

Gebedsfokus vir hierdie week:
Spandeer tyd om vir jou land te bid.

MAANDAG

DINSDAG

WOENSDAG

DONDERDAG

VRYDAG

# UITDAGING

Ons is lewend gemaak in Christus! Op watter manier het God jou lewend gemaak? Dink na oor die maniere waarop God jou lewe geestelik, verstandelik, emosioneel, fisies en in terme van verhoudings herstel het.

# MAANDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 2*

*Johannes 3:16-17*

"God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê. 17 God het nie sy Seun na die wêreld toe gestuur om die wêreld te veroordeel nie, maar sodat die wêreld deur Hom gered kan word.

*Kolossense 1:11-14*

Mag God deur sy wonderbare krag julle alle sterkte gee om in alle omstandighede geduldig te volhard. 12 Met blydskap moet julle die Vader dank wat julle geskik gemaak het om deel te hê aan die erfenis wat vir die gelowiges wag in die ryk van die lig. 13 Hy het ons uit die mag van die duisternis weggeruk en ons onder die heerskappy gestel van sy Seun wat Hy liefhet. 14 Deur die Seun het ons die verlossing verkry, die vergewing van ons sondes.

*Hebreërs 2:14-15*

Aangesien hierdie kinders mense van vlees en bloed is, het hy ook net soos hulle mens geword. Dit het Hy gedoen om deur sy dood dié een wat mag het oor die dood, dit is die duiwel, te vernietig 15 en om hulle wat uit vrees vir die dood hulle hele lewe lank in slawerny was, te bevry.

# MAANDAG

LEES:
*Johannes 3:16–17; Kolossense 1:11–14; Hebreërs 2:14–15*

SOAP:
*Kolossense 1:13*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# MAANDAG

*Dagstukkies vir Week 2*

## SOAP

*Kolossense 1:13*

*"Hy het ons uit die mag van die duisternis weggeruk en ons onder die heerskappy gestel van sy Seun wat Hy liefhet."*

## OORDENKING

Moes jy al ooit gered word? Miskien het jy al gestrand langs die pad gesit toe jou motor 'n pap wiel gekry het, of was jy 'n ruk lank vasgekeer in 'n hysbak toe die krag afgegaan het. Dit kan vreesaanjaend wees om vasgekeer en onseker te voel oor wanneer hulp gaan opdaag, hoe lank jy sal moet wag of hoeveel dit gaan kos.

In Jesus is ons gered. Nie van pap wiele of kragonderbrekings nie, maar van ons sielsvyand en 'n ewigheid in die hel, van God geskei as gevolg van ons sonde. Ons is nie net gered nie, ons is volkome verlos, en oorgebring van waar ons was na 'n nuwe, veilige tuiste in die koninkryk van God, sonder enige rekening om te vereffen. Ons is volkome verlos, ten volle betaal.

Ons identiteit in Christus berus op wat God vir ons gedoen het, nie wat ons vir onsself of iemand anders gedoen het nie. Die manier hoe ons optree, mekaar behandel, die woorde wat ons sê en die motiewe van ons hart is 'n weerspieëling van wie ons in Christus is. As mense wat gered is, het ons nou oë om te sien waar hulp nodig is sodat ons as die hande en voete van Jesus, diegene om ons kan dien.

Hoe meer ons te wete kom wie God is, hoe beter verstaan ons wie ons is. En hoe meer ons verstaan en uitleef wie ons as kinders van God is, hoe meer sal ons die lewens van dié om ons beïnvloed sodat ander na die koninkryk van God aangetrek word. Die wêreld se definisie van identiteit plaas die fokus terug op ons, terwyl ons begrip van ons identiteit in Christus ons fokus vertikaal - terug na God - verplaas, en horisontaal om ander te dien.

Waarvoor jy ook al vandag te staan kom, of waar jy ook al 'n behoefte het dat God moet intree en jou red, Hy is getrou. Hy sal jou uitred.

## GEBED

Vader God, my hart is oorstelp oor die omvang van die redding wat U my bied. Dankie dat U my uit die duisternis oorgebring het in die heerlike lig van die ewigheid saam met U. Help my om wat ek leer oor wie ek in U is, te gebruik om diegene om my te dien.

# DINSDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 2*

*Romeine 5:8-10*

Maar God bewys sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was. 9 Aangesien ons nou vrygespreek is op grond van sy versoeningsdood, staan dit soveel vaster dat ons deur Hom ook van die straf van God gered sal word. 10 Aangesien ons, toe ons nog vyande was, deur die dood van sy Seun met God versoen is, staan dit soveel vaster dat ons, noudat ons versoen is, deur die lewe van sy Seun gered sal word.

*Efesiërs 2:1-5*

Julle was dood as gevolg van julle oortredings en sondes 2 wat voorheen julle lewenswyse gekenmerk het. Julle het gelewe soos hierdie sondige wêreld en julle laat lei deur die vors van die onsigbare magte, die gees wat daar nou aan die werk is in die mense wat aan God ongehoorsaam is. 3 So het ons trouens vroeër ook almal gelewe. Ons is deur ons sondige begeertes oorheers en het gedoen net waartoe ons luste ons gelei het en wat in ons gedagtes opgekom het. Vanweë ons sondige natuur sou ons net soos die ander mense deur God gestraf moes word. 4 Maar God is ryk in barmhartigheid en het ons innig lief. 5 Deur sy groot liefde het Hy ons wat dood was as gevolg van ons oortredings, saam met Christus lewend gemaak. Uit genade is julle gered!

# DINSDAG

LEES:
*Romeine 5:8–10; Efesiërs 2:1–5*

SOAP:
*Efesiërs 2:4–5*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# DINSDAG

*Dagstukkies vir Week 2*

## SOAP

*Efesiërs 2:4–5*

*"Maar God is ryk in barmhartigheid en het ons innig lief. Deur sy groot liefde het Hy ons wat dood was as gevolg van ons oortredinge, saam met Christus lewend gemaak. Uit genade is julle gered!"*

## OORDENKING

Daar is iets ongelooflik oortuigend aan 'n "voor en na"-foto. Huisvernuwings wys ons die potensiaal wat ons in ons eie kamers kan vind, terwyl fiksheidstransformasies ons hoop gee dat ons werk ook vrugte sal afwerp. Dit kan lekker wees om na foto's te kyk wat aan ander wys hoe ons in daardie ongemaklike tienerjare gelyk het, of die verskil tussen die begin en einde van 'n kreatiewe projek.

In Paulus se brief aan die Efesiërs het hy tyd spandeer om hulle - en ons - te herinner aan die transformasie wat plaasvind wanneer ons Jesus as ons Verlosser aanneem. Ons word nie net gered nie, maar ons identiteit verskuif van "dood" na "lewend". Paulus het nie gepraat van 'n letterlike opwekking uit die dood nie, maar van die toestand van ons siele. Layman se Kommentaar van die Nuwe Testament, beskryf dit as "'n bestaan sonder die ware doel, karakter en vervulling van die menslike lewe wat na die beeld van God geskep is".

God het ons so lief dat Hy nie kon toelaat dat ons slegs 'dood' as 'n opsie vir ons identiteit het nie. Toe Hy ons verlossing beplan het deur die offer van sy Seun aan die kruis, het ons 'n nuwe keuse en 'n nuwe identiteit gekry: lewend in Christus. Wanneer ons verstaan wie ons was voordat Jesus in ons lewens gekom het, kan ons die liefde, genade en barmhartigheid wat God aan elkeen van ons betoon, nog meer waardeer.

In Jesus word ons gered, nie net van die verdiende straf vir ons sondes nie, maar van ons "voor" identiteit tot 'n "na" transformasie wat ons tot ware, oorvloedige lewe bring.

## GEBED

Here God, terwyl ek nadink oor al die maniere waarop ek u liefde, genade en barmhartigheid nie verdien nie, het ek nog meer ontsag vir die geskenk van verlossing wat U deur Jesus bied. Dankie dat U my 'n nuwe identiteit gee, 'n "na" wat vol lewe en hoop en met 'n doel is. Amen.

# WOENSDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 2*

*Johannes 8:36*
Eers as die Seun julle vry maak, sal julle werklik vry wees.

*2 Korintiërs 3:17*
“Die Here” beteken hier “die Gees”, en waar die Gees van die Here is, is daar vryheid.

# WOENSDAG

LEES:
*Johannes 8:36; 2 Korintiërs 3:17*

SOAP:
*Johannes 8:36*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# WOENSDAG

*Dagstukkies vir Week 2*

## SOAP

*Johannes 8:36*

*"Eers as die Seun julle vry maak, sal julle werklik vry wees."*

## OORDENKING

Jesus het met die Jode gepraat wat in die tempel in Jerusalem bymekaargekom het, 'n skare wat gemengde gevoelens gehad het oor sy identiteit as die Messias. Diegene wat nie geglo het nie, het verwys na die klein stadjie waarvandaan Jesus gekom het en sy skynbare gebrek aan indrukwekkende familie om sy aansprake te diskrediteer (Johannes 7: 41–43). Min het hulle geweet, Jesus was op die punt om elke profesie te vervul wat ooit oor die komende Messias geskryf is!

In Jesus is ons werklik vry. Vir 'n volk wat gevangenskap en slawerny as 'n nasie ervaar het, in 'n tyd toe heersers en oorwinnaars van gevegte hul gevangenes tot slawe gemaak het, het hulle vryheid as 'n vlietende geleentheid geken. In Johannes 8:35 het Jesus hulle daaraan herinner dat "'n slaaf bly nie vir altyd by 'n huisgesin nie; 'n seun bly vir altyd". In Jesus word ons identiteit van slaaf na seun verander. Ons word volle, volledige en permanente vryheid aangebied - en 'n plek in die gesin van God.

Alhoewel die wêreld mag probeer om ons identiteit, invloed en impak te beperk vanweë ons ouderdom, agtergrond, ervaring of vermoë, is ons identiteit veilig in Jesus. In Hom is ons vry. In Hom het ons 'n doel. In Hom word ons kinders van God en deel van 'n gesin wat ons nooit sal verlaat, aan ons sal twyfel of wie se liefde vir ons nooit sal opraak nie. Die kettings van sonde wat ons teruggehou het, is nie meer effektief teen die krag van Jesus Christus nie. Ons is vry om 'n lig vir diegene rondom ons te wees, 'n baken van hoop vir ons gemeenskappe en kinders van God wat veilig is in ons identiteit, maak nie saak wat oor ons pad kom nie.

## GEBED

Hemelse Vader, dankie dat U my uitnooi om deel te wees van u gesin en my vrymaak van my sonde. Help my om voluit in vryheid te leef, sodat ander in my lewe tot U en u pragtige geskenk van verlossing aangetrokke kan wees. Amen.

# DONDERDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 2*

## *1 Johannes 4:10-19*

Werklike liefde is dít: nie die liefde wat ons vir God het nie, maar die liefde wat
Hy aan ons bewys het deur sy Seun te stuur as versoening vir ons sondes.

11 Geliefdes, as dit is hoe God sy liefde aan ons bewys het, behoort ons mekaar
ook lief te hê. 12 Niemand het God nog ooit gesien nie, maar as ons mekaar
liefhet, bly God in ons en het sy liefde in ons sy doel volkome bereik.13 Hiéraan
weet ons dat ons in Hom bly en Hy in ons: Hy het ons sy Gees gegee. 14 En ons
het gesien en is getuie daarvan dat die Vader die Seun as Redder van die wêreld
gestuur het.

15 Wie bely dat Jesus die Seun van God is – God bly in hom en hy in God. 16 En
ons ken die liefde wat God vir ons het, en ons glo daarin. God is liefde; wie in die
liefde bly, bly in God en God bly in hom. 17 Hiérin het die liefde sy doel volkome
met ons bereik: ons het niks te vrees vir die oordeelsdag nie, want in hierdie wêreld
lewe ons reeds deur die liefde net soos Jesus. 18 Waar liefde is, is daar geen vrees
nie, maar volmaakte liefde verdryf vrees, want vrees verwag straf, en wie nog vrees,
het nie volmaakte liefde nie. 19 Ons het lief omdat God ons eerste liefgehad het.

## *Romeine 8:35-39*

Wie kan ons van die liefde van Christus skei? Lyding of benoudheid of vervolging,
honger of naaktheid, gevaar of swaard? 36 Daar staan immers geskrywe: "Dit is oor
U dat die dood ons dag vir dag bedreig, dat ons soos slagskape behandel word." 37
Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat vir ons liefhet.
38 Hiervan is ek oortuig: geen dood of lewe of engele of magte of teenswoordige
of toekomstige dinge of kragte 39 of hoogte of diepte of enigiets anders in die
skepping kan ons van die liefde van God skei nie, die liefde wat daar is in Christus
Jesus ons Here.

# DONDERDAG

LEES:
*1 Johannes 4:10–19; Romeine 8:35–39*

SOAP:
*1 Johannes 4:10*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2 TOEPASSINGS UIT DIE VERSE NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED OOR WAT JY GELEER HET UIT VANDAG SE SKRIFGEDEELTE.

# DONDERDAG

*Dagstukkies vir Week 2*

### SOAP

*1 Johannes 4:10*

*"Werklike liefde is dít: nie die liefde wat ons vir God het nie, maar die liefde wat Hy aan ons bewys het deur sy Seun te stuur as versoening vir ons sondes."*

### OORDENKING

In Engels is daar net een woord vir "liefde" en ons gebruik dit op tientalle maniere. Ons sê ons is lief vir ons nuwe skoene, ons is lief vir ons huweliksmaat, ons is lief vir die nuwe boek wat ons uit die biblioteek geleen het, en ons is lief vir ons gunsteling koffie. Liefde word dikwels beskou as 'n gevoel, 'n emosionele reaksie op iets wat ons vreugde of genot verskaf. Dit beteken ook dat liefde vlietend kan wees namate ons smaak verander, ons verhoudings verskuif of dinge wat vroeër vir ons vreugde verskaf het, vervang word deur iets nuuts.

God se definisie van liefde is nie gebaseer op wat ons voel nie, maar wat deur Jesus se lewe en dood aan ons geopenbaar is. Liefde kom van God af. Liefde het in die fisiese teenwoordigheid van Jesus Christus na ons neergedaal en ons 'n geskenk gegee wat so onbegryplik en onverdiend is dat ons nooit genoeg kon doen om dit te verdien nie. Dit is niks anders as deur en deur 'n gawe van God.

1 Johannes 4:19 sê: "Ons het lief omdat God ons eerste liefgehad het." Wanneer ons identiteit sterk gewortel is in die wete dat ons geliefd is deur die Skepper van die heelal, kom die liefde wat ons aan ander betoon, uit 'n oorvloed van wat God vir ons gedoen het. Hierdie liefde sal nie van plan verander nie en dit hang nie af van wat ons kan doen om dit te verdien nie. God se liefde sal nie faal nie.

### GEBED

Here God, dankie dat U my liefhet en my u geliefde noem. Onderwyl ek aanspraak maak op "geliefd" as my identiteit in Jesus, help my om hierdie liefde met ander te deel, veral diegene wat seergemaak, alleen of verlate voel. U liefde is 'n perfekte liefde, en ek is so dankbaar daarvoor. Amen.

# VRYDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 2*

*Romeine 15:7-9*

Aanvaar mekaar dan, soos Christus julle ook aanvaar het, tot eer van God. 8 Ek
bedoel dít: Christus het gekom om in belang van die Jode 'n dienaar te word; Hy
moes vir hulle die waarheid van God bevestig deur die beloftes wat die voorvaders
ontvang het, waar te maak. 9 Hy het ook gekom sodat die ander nasies God oor sy
ontferming sou verheerlik, soos daar geskrywe staan: "Daarom sal ek U loof voor
die nasies, en tot eer van u Naam sal ek 'n lofpsalm sing."

# VRYDAG

LEES:
*Romeine 15:7–9*

SOAP:
*Romeine 15:7*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# VRYDAG

*Dagstukkies vir Week 2*

## SOAP

*Romeine 15:7*

*"Aanvaar mekaar dan, soos Christus jule ook aanvaar het, tot eer van God."*

## OORDENKING

Soveel as wat ons almal na verbondenheid smag, begeer 'n groot deel van ons harte ook aanvaarding. 'n Oop deur is goed en wel, maar 'n persoonlike uitnodiging en 'n sitplek gereserveer vir ons by die tafel is nog beter. Wanneer ons aanvaar voel, kan ons kom soos ons is, sonder die maskers en sonder om voor te gee of alles reg is.

In Paulus se brief aan die Romeine moedig hy die gelowiges aan om mekaar te ontvang – of te aanvaar - soos hulle deur Jesus aanvaar is. Jesus ontvang ons in sy familie al is Hy bewus van die ergste dinge wat ons al gedoen, gesê of gedink het. Hy ken ons verlede, hede en toekoms, en Hy maak steeds plek vir ons by Hom in die ewigheid.

Die vroeë Romeinse Christene het gesukkel om ander gelowiges te aanvaar wat dinge effens anders gedoen het, soos die kos wat hulle geëet het of die spesiale dae wat hulle onderhou het. In hierdie grys areas het sommige gelowiges hulself beter begin ag as ander, wie se keuses en praktykte hulle veroordeel het. Paulus was baie duidelik in sy brief dat hierdie tipe gedrag net tot verdeeldheid sou lei.

In Jesus word ons ten volle en volkome in die familie van God ontvang. Ons verskille vorm 'n beeldskone tapisserie wat lewe bring tot die evangelie. Ons is uniek geskape na die beeld en gelykenis van God om ons gawes en talente op so 'n wyse te gebruik om God te verheerlik en sy koninkryk uit te brei. As God ons met ope arms aanvaar, wie is ons dan om mekaar te veroordeel?

Ons het mekaar nodig, en ons getuienis van die evangelie word verhinder wanneer ons met ander gelowiges meeding en hulle veroordeel. In Jesus word ons nie net ontvang nie, maar ook geroep om mekaar met oop harte te ontvang, te aanvaar en te ondersteun.

## GEBED

Hemelse Vader, alhoewel ek 'n sondaar is wat U liefde nie verdien nie, het U my uitverkies en in u familie aanvaar. Gee vir my oë om diegene rondom my wat nie hierdie aanvaarding ken nie, raak te sien, sodat ek hulle aan U kan voorstel. Gee vir my 'n hart om U liefde sonder oordeel oor te dra. Amen.

# OORDENKINGSVRAE

1. Hoe het Christus jou lewe gered uit die mag van die duisternis? Hoe troos dit jou om te weet dat Hy altyd werk vir jou bevryding, ongeag die omstandighede?

2. Omdat ons deur genade gered word, sal niks wat ons kan doen ons status as kind van God verander nie. Glo jy dit? Hoekom of hoekom nie?

3. Hoe het Christus jou vryheid gegee? Waarvan is jy vandag vry waarvan jy nie vry was voordat jy met Christus gewandel het nie?

4. Het Christus jou liefgehad voordat jy Hom liefgehad het? Hoekom? Wat het jy gedoen om sy liefde te verdien voordat jy Hom liefgehad het?

5. Wat beteken dit om in die liggaam van Christus ontvang te word? Hoe kan jy ander in die liggaam van Christus ontvang en verwelkom?

# NOTAS

# NOTAS

# WEEK 3

*Maar ons is burgers van die hemel, van waar af ons ook die Here Jesus Christus as Verlosser verwag.*

**FILIPPENSE 3:20**

# GEBED

## SKRYF JOU GEBEDSVERSOEKE EN LOFPRYSINGS VIR ELKE DAG NEER.

Gebedsfokus vir hierdie week:
Spandeer tyd om vir jou vriende te bid.

MAANDAG

DINSDAG

WOENSDAG

DONDERDAG

VRYDAG

# UITDAGING

Besin hierdie week oor wat dit beteken om burgerskap in die hemel te hê. Hoe beïnvloed jou burgerskap die plek waar jy op aarde woon en werk? Hoe beïnvloed die wete dat jy in Christus ‘n ewige burgerskap in die hemel het, jou lewe vandag?

# MAANDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 3*

*Efesiërs 1:5-6*

In sy liefde het Hy ons, volgens sy genadige beskikking, toe ook al daarvoor bestem om deur Jesus Christus sy kinders te wees. 6 Daarom moet ons God prys vir sy wonderlike genade wat Hy in die Geliefde vrylik aan ons geskenk het.

*Kolossense 1:12-13*

Met blydskap moet julle die Vader dank wat julle geskik gemaak het om deel te hê aan die erfenis wat vir die gelowiges wag in die ryk van die lig. 13 Hy het ons uit die mag van die duisternis weggeruk en ons onder die heerskappy gestel van sy Seun wat Hy liefhet. 14 Deur die Seun het ons die verlossing verkry, die vergewing van ons sondes.

# MAANDAG

LEES:
*Efesiërs 1:5–6; Kolossense 1:12–13*

SOAP:
*Efesiërs 1:5*

## *Scripture*

SKRYF DIE BYBELVERSE VIR VANDAG NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2 OPMERKINGS UIT DIE VERSE NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# MAANDAG

*Dagstukkies vir Week 3*

## SOAP

*Efesiërs 1:5*

*"In sy liefde het Hy ons, volgens sy genadige beskikking, toe ook al daarvoor bestem om deur Jesus Christus sy kinders te wees."*

## OORDENKING

Het jy al ooit gekyk na 'n video van 'n kind wat uitvind dat hy/sy aangeneem gaan word, of die feesviering van 'n familie aanskou wanneer 'n regter aankondig dat hul aanneming afgehandel is? Dit is een van die mooiste, hartroerendste oomblikke. Ten spyte van die trauma en gebrokenheid wat die kind en sy/haar eerste familie ervaar het, voorsien God 'n nuwe weg vir familie, vir samehorigheid om te kan bestaan. Skielik word 'n kind se lewe verander namate hy/sy 'n permanente, wettige, volledige lid van 'n gesin word. Aanneming sê vir 'n kind dat hy/sy gekoester word en geliefd en veilig is.

As jy sê dat jou identiteit "verlate," "verstote," "geïgnoreerde," "misgekykte" of "vergetene" is, is daar goeie nuus – wonderlike nuus om die waarheid te sê! Wanneer ons Jesus as ons Verlosser aanvaar, kry ons 'n nuwe identiteit as aangenome seuns en dogters van God. Jy is uitverkies. Jy word gekoester. Jy word geken. Jy is geliefd. Jy is veilig. Niemand het die mag om wat God gedoen het, ongedaan te maak nie. Wanneer ons in die familie van God aangeneem is, is ons syne, vir ewig.

Die selfs beter nuus is dat God nie op ons gewag het om ons lewens agtermekaar te kry of perfekte mense te word voordat Hy besluit het om ons die volle regte, voorregte en verantwoordelikhede van gelowiges aan te bied nie. Dit is besluit, uit liefde en in ooreenstemming met God se wil, dat ons in sy familie deur Jesus Christus aangeneem word.

Wanneer laast het jy dié identiteit aangegryp? Het jy al in verwondering voor God gaan staan dat Hy jou gekies het? Het jy al die ongelooflike geskenk gevier wat jy deur Jesus ontvang het? God het jou ontsaglik lief, daar is nie 'n groot genoeg "Welkom Tuis"-bordjie of genoeg konfetti vir die feesviering wanneer jy 'n deel van sy familie word nie. In Jesus is ons aangeneem!

## GEBED

God, dit is oorweldigend om te weet dat U aan my gedink het en 'n plek vir my in u familie beplan het voordat ek nog vir Jesus geken het. Dankie vir hierdie mooi geskenk van aanneming wat U so vrylik aanbied. Help my om te lewe ter ere van wie U sê ek is. Amen

# DINSDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 3*

*Johannes 1:12*
Maar aan almal wat Hom aangeneem het, dié wat in Hom glo, het Hy die reg gegee om kinders van God te word.

*1 Johannes 3:1-2*
Kyk watter groot liefde die Vader aan ons bewys het: Hy noem ons kinders van
God, en ons is dit ook. En die wêreld ken ons nie, omdat dit Hom nie ken nie. 2
Geliefdes, ons is nou reeds kinders van God. Dit is nog nie geopenbaar wat ons
sal wees nie, maar ons weet dat, wanneer Jesus kom, ons soos Hy sal wees. Ons sal
Hom sien soos Hy werklik is.

# DINSDAG

LEES:
*Johannes 1:12; 1 Johannes 3:1–2*

SOAP:
*Johannes 1:12*

*Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

*Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# DINSDAG

*Dagstukkies vir Week 3*

### SOAP

*Johannes 1:12*

*"Maar aan almal wat Hom aangeneem het, dié wat in Hom glo, het Hy die reg gegee om kinders van God te word."*

### OORDENKING

Wanneer laas het jy verbeeldingspel gespeel of 'n fort gebou? Het jy onlangs jou verbeelding met jou laat weghardloop, gelag met jou hele lyf of 'n gemors gemaak ter wille van kreatiwiteit? Kinders sien die wêreld op 'n ongelooflike manier, asof alles daarin hul speelgrond is. Items wat ons as rommel beskou, is waardevolle kunsbenodighede en lawwe speletjies met geen reëls nie laat hulle die hardste giggel.

Kinders leef met oop harte en denke, gereed om te leer en gewillig om te verander. Hulle maak staat op die volwassenes in hul lewens om hulle lief te hê, hulle veilig te hou, en om alle vrae wat net voor slaaptyd in hul gedagtes opduik, te beantwoord.

Dit is die verhouding waartoe ons uitgenooi word wanneer ons deel van God se familie word. Ons is sy kinders, en ons ontvang nie net die regte en voorregte wat met ons aanneming gepaardgaan nie, maar ook 'n perfekte Vader wat vir ons lief is, wat ons beskerm en wat luister na al die vrae wat ons snags wakker hou. Hy is groot genoeg om die gewig van ons bekommernisse te dra sodat ons vryheid kan vind.

In Jesus, word ons kinders van God genoem. As jou ervaring met 'n aardse pa dit moeilik maak om op God die Vader te leun, bring al daardie seer en teleurstelling na Hom toe. Spandeer tyd in God se Woord en leer meer oor wie Hy is en hoeveel Hy jou liefhet. Kyk uit vir die klein geskenkies wat Hy deur die loop van jou dag vir jou aanbied en skryf neer hoe Hy op klein, gewone wyses in jou lewe opdaag. Ons God is onveranderlik en volmaak. Hy het 'n plek vir jou in sy familie gemaak – en dit was nie 'n fout nie.

### GEBED

God, dankie dat U my u kind noem en dat U vir my 'n veilige, perfekte, liefdevolle plek gee waarheen ek al my vrae en bekommernisse kan bring. Help my om tyd te kry om net 'n soos 'n kind by U te wees, om vrylik en vreugdevol te lag en te skep en my verbeelding te gebruik. Amen.

# WOENSDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 3*

*Efesiërs 1:4*
So het Hy, nog voordat die wêreld geskep is, ons in Christus uitverkies om heilig en onberispelik voor Hom te wees.

*1 Petrus 2:9*
Julle, daarenteen, is 'n uitverkore volk, 'n koninklike priesterdom, 'n nasie wat vir God afgesonder is, die eiendomsvolk van God, die volk wat die verlossingsdade moet verkondig van Hom wat julle uit die duisternis geroep het na sy wonderbare lig.

# WOENSDAG

LEES:
*Efesiërs 1:4; 1 Petrus 2:9*

SOAP:
*1 Petrus 2:9*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# WOENSDAG

*Dagstukkies vir Week 3*

### SOAP

*1 Petrus 2:9*

*"Julle, daarenteen, is 'n uitverkore volk, 'n koninklike priesterdom, 'n nasie wat vir God afgesonder is, die eiendomsvolk van God, die volk wat die verlossingsdade moet verkondig van Hom wat julle uit die duisternis geroep het na sy wonderbare lig."*

### OORDENKING

Ons Skrifgedeelte vir vandag bevat kursiefgedrukte lyne, wat belangrik is om te ondersoek wanneer ons na ons identiteit in Jesus kyk. Die skrywer van die teks, Petrus, het 'n baie spesifieke punt gemaak om verskeie Skrifgedeeltes uit die Ou Testament aan te haal: Eksodus 19:5–6, Jesaja 43:20–21 en Maleagi 3:17. In die verse van Eksodus het God vir Sy volk gesê dat hulle 'n "koninkryk van priesters en 'n gewyde nasie sou wees." In Jesaja lees ons dat God ons sy "uitverkore volk" noem wat Hy tot sy eer geskep het. In Maleagi beteken 'die Here die Almagtige' dat ons aan Hom behoort.

Dit was dalk vir die Jode in die vroeë kerk maklik om te verstaan dat hulle God se uitverkore volk was, maar Petrus se boodskap was 'n herinnering dat alle Christene, insluitende nie-Jode, deur God gekies is. Dit was nuwe inligting vir die vroeë Christene, maar dit was belangrik vir die eenheid en identiteit van die kerk om te verstaan dat ons almal in Jesus gekies word deur die Een wat ons uit die duisternis en na sy lig geroep het.

Die waarheid wat met die vroeë gelowiges gedeel word, is ook op ons van toepassing. Alhoewel die wêreld ons kan sê dat ons onbeduidend, ordinêr of ongewens is, kan ons 'n nuwe identiteit in Jesus toe-eien: uitverkies, koninklik, met 'n doel en geroep. As ons dink aan alles wat God vir ons gedoen het en wie ons in Hom is, is ons volgende stap om dit aan die wêreld te verkondig. Moenie die goeie nuus van die Evangelie vir jouself hou nie; dit is bedoel om gedeel te word! Die Evangelie is vir almal en in Jesus word almal uitgenooi om weg te draai van die duisternis van hulle sonde en in te stap in die wonderlike lig van vergifnis en die ewigheid in die hemel.

### GEBED

Here, wanneer ek dink aan alles wat U vir my gedoen het en wie U sê ek is, is dit byna onmoontlik om dit vir myself te hou. Plaas hierdie week spesifieke mense op my hart wat die Goeie Nuus van die Evangelie moet hoor sodat hulle ook uitverkore, heilig en gered genoem kan word. Amen.

# DONDERDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 3*

*Efesiërs 2:19*
Julle is dus nie meer ver van God af nie, nie bywoners nie, maar medeburgers van die gelowiges en lede van die huisgesin van God.

*Filippense 3:20*
Maar ons is burgers van die hemel, van waar af ons ook die Here Jesus Christus as Verlosser verwag.

# DONDERDAG

LEES:
*Efesiërs 2:19; Filippense 3:20*

SOAP:
*Filippense 3:20*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2 TOEPASSINGS UIT DIE VERSE NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED OOR WAT JY GELEER HET UIT VANDAG SE SKRIFGEDEELTE.

# DONDERDAG

*Dagstukkies vir Week 3*

#### SOAP

*Filippense 3:20*

*"Maar ons is burgers van die Hemel van waar af ons ook die Here Jesus Christus as Verlosser verwag,"*

#### OORDENKING

Wat ons identiteit betref, is wie ons is soveel meer as ons naam. Ons beskryf dikwels iemand deur hulle ouderdom, haarkleur, die werk wat hulle doen, die taal wat hulle praat en die land waarvandaan hulle kom in te sluit. Hierdie besonderhede help ons om 'n prentjie in ons gedagtes te vorm, sodat ons 'n gedeelde begrip kan hê van wie ons praat, of om ons te help om iemand makliker te identifiseer as ons hulle vir die eerste keer ontmoet.

Gedurende hierdie studie het ons geleer dat die identiteit wat God ons gee, baie verskil van die manier waarop die wêreld ons beskryf – en dit is goeie nuus! God sê vir ons dat ons sy kinders is, uitverkore, geliefd en vergewe. En wanneer ons in Jesus as ons Verlosser glo, kry ons ook 'n nuwe burgerskap in die hemel!

Die wêreld se manier om te definieer wie ons is, skep skeiding en verdeeldheid van mekaar. Dit laat ons vergelyk, meeding en dink dat ons beter is as ander. Die identiteit wat God ons gee, is altyd 'n uitnodiging tot insluiting en eenheid. Wanneer ons deel is van God se familie, kan ons almal die hemel ons huis noem. Sy liefde strek na al sy kinders en ons word nie geïdentifiseer deur ons prestasies of suksesverhale nie, maar deur die manier waarop ons mekaar lief het.

In Jesus is ons burgers van die hemel. Ons kan vertrou op die hoop wat ons op Hom het, dat Hy ons Verlosser is en dat Hy eendag weer sal kom. Totdat daardie dag aanbreek, wanneer ons vir ewig by God kan wees, moedig Paulus se brief aan die Filippense ons aan om vas te staan in ons geloof. Hou vas aan wie God sê jy is, leef 'n lewe wat goeie vrugte dra en eer aan die koninkryk van God gee en wees lief vir mekaar.

#### GEBED

Here, dankie dat U my 'n nuwe begin gegee het toe U my sondes vergewe het en dat U my 'n nuwe identiteit, 'n nuwe tuiste en 'n nuwe hoop gegee het. Ek bid dat my lewe 'n weerspieëling sal wees van die liefde wat U aan my bewys het, sodat ander eendag hul ewige tuiste by U in die hemel kan toe-eien. Amen.

# VRYDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 3*

*Psalm 139:1-3*
vir die koorleier. Van Dawid. 'n Psalm.
Here, U sien dwarsdeur my,
U ken my.
2 Of ek sit en of ek opstaan, U weet dit,
U ken my gedagtes
nog voordat hulle by my opkom.
3 Of ek reis en of ek oorbly,
U bepaal dit,
U is met al my paaie goed bekend.

*1 Korintiërs 8:3*
Maar as iemand God liefhet, ken God hom.

# VRYDAG

LEES:
*Psalm 139:1–3; 1 Korintiërs 8:3*

SOAP:
*Psalm 139:1*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# VRYDAG

*Dagstukkies vir Week 3*

## SOAP

*Psalm 139:1*

*"Here, U sien dwarsdeur my, U ken my."*

## OORDENKING

Neem 'n oomblik om na te dink oor iemand wat jy regtig goed ken. Miskien is dit jou huweliksmaat, 'n ouer, 'n broer of suster of 'n beste vriend. Dink aan al die besonderhede wat jy van hulle weet, waarvan hulle hou en nie hou nie, wat hul drome is, hul stokperdjies, wat hulle laat lag en wanneer hulle laas gehuil het.

Dit maak nie saak hoe goed ons iemand ken nie, ons kan hulle nooit ten volle ken nie, nie soos God sy kinders ken nie. Ons lees vandag dat David spesifieke woorde gebruik het om God se alwetendheid te beskryf: ken, verstaan, waarneem en bewus wees. God het ons geken, Hy ken ons, en Hy sal ons ken. Hy word nie deur tyd beperk nie, en Hy is nie daartoe beperk om ons net op die oppervlak te ken nie.

Dawid het in hierdie psalm geskryf dat God die groot dinge van ons weet, maar ook die klein besonderhede van ons dae, soos wanneer ons sit, staan, reis of rus. God ken ons woorde en die motief daaragter, en ons kan nêrens heen gaan waar God nie met ons is nie.

Miskien het jy 'n verhouding met iemand gehad en ontdek hoe meer jy van hulle weet, hoe minder wou jy by hulle wees. Miskien het jy gevoel dat jy dele van jou persoonlikheid of die dinge waarvan jy hou, moet wegsteek om aanvaar te word. In Jesus word ons ten volle deur God geken. Hy het ons ondersoek en bied steeds sy liefde en beskerming aan. God sal jou nie in die steek laat of jou verlaat nie, want daar is niks in jou lewe wat Hy nog nie ken nie - en Hy nooi jou steeds uit om deel van sy gesin te wees.

## GEBED

Here, U ken my verlede, my hede en my toekoms, en U maak steeds 'n plek vir my in u gesin. Omdat U my ondersoek en my ken, openbaar enige iets in my hart wat my daarvan weerhou om my identiteit as kind van God volledig aan te neem, sodat ek nader aan U kan bly groei. Amen.

# OORDENKINGSVRAE

1. Om ‘n aangenome kind van God te wees, beteken dat Hy jou nooit kan verloën nie, ongeag wat jy gedoen het of wat jy mag doen. Glo jy dat dit waar is? Hoekom of hoekom nie?

2. Wat beteken dit om ‘n kind van God te wees? Vind jy vertroosting in hierdie waarheid? Hoekom of hoekom nie?

3. Waarom het God ons gekies om sy volk te wees? Wat vra Hy van ons om te doen noudat ons as Syne gekies is?

4. Hoe gee dit jou vandag vrede in jou lewe om te weet dat jou burgerskap in die hemel is?

5. Is jy vertroos, of gefrustreerd, omdat jy weet dat God elke besonderheid en aksie in jou lewe ken? Waarom is dit goed dat God alles van jou weet?

# NOTAS

# NOTAS

# WEEK 4

*Julle behoort aan God, liewe kinders, en het vals profete klaar oorwin omdat Hy wat in julle is, groter is as die duiwel, wat in die wêreld is.*

**1 JOHANNES 4:4**

# GEBED

## SKRYF JOU GEBEDSVERSOEKE EN LOFPRYSINGS VIR ELKE DAG NEER.

Gebedsfokus vir hierdie week:
Spandeer tyd om vir jou kerk te bid.

MAANDAG

DINSDAG

WOENSDAG

DONDERDAG

VRYDAG

# UITDAGING

In Christus het ons mag oor die vyand en mag oor sonde. Hoe kan jy hierdie week die leuens en planne van die vyand bestry, wetende dat, in Christus, jy groter is as enige vyand?

# MAANDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 4*

*Psalm 139:13-18*
13 U het my gevorm,
my aanmekaargeweef
in die skoot van my moeder.
14 Ek wil U loof,
want U het my
op 'n wonderbaarlike wyse geskep.
Wat U gedoen het,
vervul my met verwondering.
Dit weet ek seker:
15 geen been van my was vir U verborge
toe ek gevorm is
waar niemand dit kon sien nie,
toe ek aanmekaargeweef is
diep in die moederskoot.
16 U het my al gesien
toe ek nog ongebore was,
al my lewensdae was in u boek
opgeskrywe
nog voordat ek gebore is.
17 Hoe wonderlik is u gedagtes vir my, o God,
hoe magtig hulle almal!
18 As ek hulle sou wou opnoem –
hulle is meer as wat daar sand is,
en as ek daarmee klaar is,
sou ek nog steeds met U te doen hê.

# MAANDAG

LEES:
*Psalm 139:13–18*

SOAP:
*Psalm 139:13–14*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2 TOEPASSINGS UIT DIE VERSE NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED OOR WAT JY GELEER HET UIT VANDAG SE SKRIFGEDEELTE.

# MAANDAG

*Dagstukkies vir Week 4*

## SOAP

*Psalm 139:13–14*

*"U het my gevorm, my aanmekaargeweef in die skoot van my moeder. Ek wil U loof, want U het my op 'n wonderbaarlike wyse geskep. Wat U gedoen het, vervul my met verwondering."*

## OORDENKING

Vandag se skrifgedeelte is 'n voortsetting van Dawid se psalm wat ons verlede week gelees het toe ons geleer het dat ons deur God geken word. Omdat ons deur Hom geken word, kan ons seker wees dat ons lewens nie bloot toevallig of noodlottig is nie, maar dat ons doelbewus en doelgerig geskep is.

Die woorde en styl wat Dawid in Psalm 139:13 en 14 gebruik, kommunikeer sy vertroue in God se kennis van hom. Hy kommunikeer sekerheid in die waarheid dat hy met bedoeling geskape is. Ons kan met sekerheid weet dat, in Jesus, ons met bedoeling gemaak is, omdat die Skepper van die heelal ons gevorm het, ons ken en uitnooi tot 'n verhouding met Hom. God het elke deel van jou gemaak, nie net die sigbare dele van jou liggaam nie, maar ook jou gevoelens, persoonlikheid en talente. Hy het alles sorgvuldig en doelgerig saamgevoeg voordat jy nog gebore is, en Hy het geweet presies watter persoon jy sou word.

Jy word deeglik en volkome deur God geken. Jou identiteit is veilig in Hom en jou doel word in Hom gevind. Dawid se psalm moedig ons aan om met dankbaarheid op hierdie kennis van ons identiteit te reageer, nie vanweë wat ons kan doen nie, maar weens wat God gedoen het. Wie jy is, waar jy is en wat jy vir God se koninkryk kan doen, is nie lukraak of 'n fout nie. Jy is met liefde en bedoeling geskep.

Hoe kan jou lewe 'n dankbare weerspieëling van hierdie waarheid wees wanneer jy hierdie week met ander verkeer?

## GEBED

Hemelse Vader, dit is vir my ongelooflik dat U elke deel van wie ek is noukeurig en doelbewus gevorm het, en alles versigtig saamgeweef het voordat ek gebore is. Mag my lewe die dankbaarheid weerspieël vir alles wat U gedoen het terwyl ek doelgerig werk, leef en liefhet. Amen.

# DINSDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 4*

*Numeri 6:24-26*
24 "Die Here sal julle seën
en julle beskerm;
25 die Here sal tot julle redding verskyn
en julle genadig wees;
26 die Here sal julle gebede verhoor
en aan julle vrede gee!"

*2 Korintiërs 9:8-10*
En God is by magte om aan julle alles in oorvloed te skenk, sodat julle in alle
opsigte altyd van alles genoeg kan hê en volop kan bydra vir elke goeie werk.
9 Daar staan ook geskrywe: "Hy deel uit en gee aan die armes; hy bly altyd
vrygewig."

10 God wat saad verskaf om te saai en brood om te eet, sal ook aan julle saad gee
en dit laat groei en julle vrygewigheid 'n ryk oes laat oplewer.

*Efesiërs 1:3*
Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe! Hy het ons in Christus geseën met al die seëninge van die Gees wat daar in die hemel is.

# DINSDAG

LEES:
*Numeri 6:24–26; 2 Korintiërs 9:8–10; Efesiërs 1:3*

SOAP:
*Efesiërs 1:3*

*Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

*Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2 TOEPASSINGS UIT DIE VERSE NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED OOR WAT JY GELEER HET UIT VANDAG SE SKRIFGEDEELTE.

# DINSDAG

*Dagstukkies vir Week 4*

#### SOAP

*Efesiërs 1:3*

*"Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe! Hy het ons in Christus geseën met al die seëninge van die Gees wat daar in die hemel is."*

#### OORDENKING

Wanneer ons sê dat ons "geseënd" is, gebruik meeste van ons dit gewoonlik om te beskryf dat ons gelukkig voel of dat ons bly is dat ons iets waarvoor ons gewerk het, bereik het. Ons sê dat ons geseënd is om 'n geleentheid te kry, of ons voel geseënd dat 'n sekere situasie in ons guns uitgewerk het. Maar in Paulus se brief aan die vroeë kerk in Efese, het die seëning waarvan hy geskryf het, niks te doene gehad met geluk nie, maar alles met die gawes wat ons as gelowiges ontvang.

God is geseënd omdat Hy heilig is, en dit is net deur die Vader, Seun en Heilige Gees dat ons beseël, aangeneem, verlos en uitverkies kan word. Hierdie is die geestelike seëninge wat ons ontvang. Ons word ook geseën met geestelike geskenke en gawes om te dien in God se koninkryk. Dit vloei vanuit die seëning wat ons ontvang wanneer ons Christus as ons Verlosser aanneem.

As burgers van die hemel, wat met bedoeling geskape is en ten volle deur God geken word, is ons identiteit gewortel in "Wie s'n" ons is en nie in "wie" ons is nie. Die gawes wat ons van God ontvang het, is nie deur geluk of noodlot of per ongeluk nie, maar pragtig en doelbewus beplan vir ons ten goede en tot sy eer. Hierdie inleidende gedeelte van Paulus se brief, word gesien as 'n doksologie, deurdat Paulus sy brief begin deur eers vir God te prys vir wat Hy gedoen het, in 'n formaat wat lofprysing en eer toon.

In Jesus, is ons geseënd, nie oor wie ons is of oor wat ons gedoen het nie, maar omdat ons heilige, ongelooflike en wonderlike God ons gekies het en ons seën met gawes meer as enige iets wat ons ooit voor kon vra of ons selfs kon indink.

#### GEBED

O Heer, u wonderbare gawes aan U kinders is meer as enige iets wat ek my ooit sou kon voorstel. Mag die woorde wat ek praat, die gedagtes wat ek dink, en die manier waarop ek my gawes gebruik, eer en glorie aan U bring, terwyl ek onthou en vertel van die ongelooflike dinge wat U gedoen het. Amen.

# WOENSDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 4*

*Efesiërs 2:10*
Nee, God het ons gemaak wat ons nou is: in Christus Jesus het Hy ons geskep om ons lewe te wy aan die goeie dade waarvoor Hy ons bestem het.

*2 Timoteus 3:16-17*
Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek, 17 sodat die man wat in diens van God staan, volkome voorberei en toegerus sal wees vir elke goeie werk.

# WOENSDAG

LEES:
*Efesiërs 2:10; 2 Timoteus 3:16–17*

SOAP:
*Efesiërs 2:10*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# WOENSDAG

*Dagstukkies vir Week 4*

### SOAP

*Efesiërs 2:10*

*Nee, God het ons gemaak wat ons nou is: in Christus Jesus het Hy ons geskep om ons lewe te wy aan die goeie dade waarvoor Hy ons bestem het.*

### OORDENKING

Kinders is so wonderlik kreatief. Hulle kan 'n stapel kartonbuise sien en daarmee 'n teleskoop maak of 'n bondel komberse in 'n fort verander. Verf is daar om te mors, en inkleur is die heel lekkerste wanneer dit buite die lyne gedoen word. Hulle kyk na wolke en sien die vorms van diere en kan eindelose stories vir hulleself skep terwyl hulle met boublokkies speel. Skoonheid word nie gevind in perfeksie nie, maar in die ervaring.

As volwassenes, kan dit soms moeilik wees om ons kreatiwiteit uit te leef. Ons vorige ervarings, dinge waaroor ons twyfel en ons mislukkings, weerhou ons daarvan om iets kreatiefs te skep bloot vir die lekkerte. As ons dit nie perfek kan doen nie, wonder ons of dit selfs die moeite werd is om te doen. Skoonheid word gevind in die aanvaarding en viering van wat ons skep, nie in ons genot van die ervaring nie.

In Jesus, word om toegerus om die goeie werke te doen waarvoor God ons voorberei het. Ons is kreatief ontwerp sodat ons die planne en doel wat Hy spesiaal vir ons het, kan vervul. Wat God geskep het, is pragtig! Ons kan aan God eer en glorie bring wanneer ons ten volle aanneem wie Hy ons gemaak het om te wees en ook om die werk te doen wat Hy ons geskape het om te doen.

God sal ons toerus vir die werk, nie omdat Hy weet ons kan dit perfek doen nie, maar omdat ons sy skepping is.  Meesterlik, doelbewus en kreatief geskape.

### GEBED

O Heer, baie dankie, nie net dat U my geskape het nie, maar U het my ook 'n spesifieke doel gegee en My toegerus om die werk te doen waarvoor U my ontwerp het. U is eindeloos kreatief en ek bid hierdie week dat ek 'n manier sal vind om iets pragtigs te skep, net vir U, om te eer wie U sê ek is. Amen.

# DONDERDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 4*

## *1 Korintiërs 12:4-11*

Daar is 'n verskeidenheid van genadegawes, maar dit is dieselfde Gees wat dit
gee; 5 daar is 'n verskeidenheid van bedieninge, maar dit is dieselfde Here wat
die opdrag gee; 6 daar is 'n verskeidenheid van kragtige werkinge, maar dit is
dieselfde God wat alles in almal tot stand bring. 7 Aan elkeen afsonderlik word
'n werking van die Gees gegee tot voordeel van almal. 8 Aan die een word deur
die Gees die gawe gegee om 'n woord van wysheid te praat, aan 'n ander 'n woord
van kennis deur dieselfde Gees; 9 aan die een geloof deur dieselfde Gees, aan 'n
ander genadegawes van gesondmaking deur die één Gees. 10 Aan die een gee Hy
die krag om wonders te doen, aan 'n ander die gawe om te profeteer, en aan nog
'n ander gawe om tussen die geeste te onderskei. Aan nog een gee Hy die gawe om
ongewone tale of klanke te gebruik en aan 'n ander om dit uit te lê. 11 Maar al
hierdie dinge is die werk van een en dieselfde Gees, wat aan elkeen afsonderlik 'n
gawe uitdeel soos Hy wil.

## *2 Korintiërs 12:9*

Sy antwoord was: "My genade is vir jou genoeg. My krag kom juis tot volle werking wanneer jy swak is." Daarom sal ek baie liewer oor my swakhede roem, sodat die krag van Christus my beskutting kan wees.

## *Filippense 4:13*

Ek is tot alles in staat deur Hom wat my krag gee.

# DONDERDAG

LEES:
*1 Korintiërs 12:4–11; 2 Korintiërs 12:9; Filippense 4:13*

SOAP:
*Filippense 4:13*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# DONDERDAG

*Dagstukkies vir Week 4*

## SOAP

*Filippense 4:13*

*"Ek is tot alles in staat deur Hom wat my krag gee."*

## OORDENKING

Ons is voortdurend omring deur die uitroepe van die wêreld wat ons vertel dat ons enigiets kan doen en enigiets kan wees wat ons wil, solank ons hard genoeg werk, gereeld genoeg probeer of genoeg goed kan koop. Ons kan daardie promosie op ons eie verdien as ons eenvoudig beter is as almal. Ons kan 'n wonderlike lewe vir onsself bou, solank ons genoeg het, genoeg maak en onsself met die regte mense omring.

In God se koninkryk is ons op ons sterkste wanneer ons swak is, en ons is op ons onafhanklikste wanneer ons van God afhanklik is. Ons vers van vandag beteken nie dat ons alles moet doen nie, maar dat ons vreugde kan vind wanneer ons op God vertrou om ons te bekragtig en toe te rus om die werk te doen waarvoor Hy ons roep.

Aan die einde van sy brief aan die kerk in Filippi het Paulus die tyd geneem om sy waardering vir hul ondersteuning van sy bediening te toon. Hy het opgemerk dat sy vreugde van die Here kom, nie van sy omstandighede nie. Alhoewel hy tye van armoede en tye van oorvloed beleef het (Filippense 4:12), het Paulus gesê dat ware tevredenheid die gevolg was van die die wete dat sy krag van Jesus gekom het.

In Jesus word ons bekragtig om alles wat die lewe vir ons het, te navigeer deur die krag wat ons in Hom het. Wanneer ons vreugde en ons identiteit in Christus gewortel is, sal ons omstandighede ons nie van stryk bring nie. Ons koersvaste, vreugdevolle lewens sal 'n getuienis wees van die genade en liefde van Jesus wat ons in alles en deur alles onderhou.

## GEBED

Hemelse Vader, die wêreld probeer vir my sê ek kan dit alles op my eie doen, dat ek in my eie krag alle dinge kan doen en alles vir alle mense kan wees. Help my om daardie uitroepe stil te maak, sodat ek ten volle op U kan staatmaak om my krag en my vreugde te wees, terwyl U my bekragtig om alle situasies en omstandighede te navigeer op wyses wat vir U glorie en eer bring. Amen.

# VRYDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 4*

*1 Johannes 4:4*
Julle behoort aan God, liewe kinders, en het die vals profete klaar oorwin omdat Hy wat in julle is, groter is as die duiwel, wat in die wêreld is.

# VRYDAG

LEES:
*1 Johannes 4:4*

SOAP:
*1 Johannes 4:4*

*Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

*Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# VRYDAG

*Dagstukkies vir Week 4*

## SOAP

*1 Johannes 4:4*

*"Julle behoort aan God, liewe kinders, en het die vals profete klaar oorwin omdat Hy wat in julle is, groter is as die duiwel, wat in die wêreld is."*

## OORDENKING

Deur ons tyd saam in hierdie studie oor identiteit het ons geleer dat wie ons is, is nie oor enige iets wat ons gedoen het nie, maar wie God is en wat Hy vir ons gedoen het. As ons identiteit gebou is op waar ons woon, ons beroep of ons omstandighede, sal ons teleurgesteld wees en moedeloos wees wanneer daardie dinge verander. Wanneer ons vashou aan 'n identiteit wat ferm gevestig is in wie God sê ons is en wat Jesus vir ons gedoen het, sal dít wat rondom ons gebeur, nie ons vreugde en vrede belemmer of verander nie.

Die brief van die apostel Johannes aan die vroeë kerk was bedoel om gelowiges aan Jesus se ware natuur te herinner: volkome God en volkome mens. Valse leraars het begin verskyn en ontken dat Jesus die Messias was. Johannes het ons eers aangemoedig dat ons reeds hierdie valse leraars oorwin het omdat die Heilige Gees in ons is en ons help om valse leringe te onderskei en te oorwin.

1 Johannes 4:4 herinner ons aan ons identiteit as kinders van God. As kinders van God is ons toegerus met die Heilige Gees en verenig met Christus. In Jesus is ons: 'n nuwe skepping, vergewe, regverdig, verlos, beseël, verlos, gered, vry, geliefd, ontvang, aangeneem, uitverkies, geken, met bedoeling gemaak, geseënd, toegerus en bekragtig. Ons burgerskap is in die hemel met al God se kinders en ons identiteit bied eenheid met 'n gemeenskap van gelowiges – 'n geskenk wat veel groter is as die individualisme en kompetisie van die wêreld.

Jy is wie God sê jy is. Jy is Syne.

## GEBED

Almagtige God, daar is soveel harde stemme wat my probeer wegruk van die waarheid van u Woord en wie U sê ek is. Dankie vir die gawe van die Heilige Gees wat my help om die leuens te identifiseer en te oorwin, sodat ek ten volle in my identiteit as kind kan vasstaan. Amen.

# OORDENKINGSVRAE

1. Is daar aspekte van jou persoonlikheid waarmee jy teleurgesteld is of wat jy probeer wegsteek? Hoe kan jy jouself sien as met ‘n doel deur God geskape?

2. Op watter maniere sien jy God se seën oor jou lewe? Hoe het Hy jou elke geestelike seën in Christus gegee?

3. Vir watter spesifieke goeie werke het jy gesien hoe God jou toerus en voorberei? Hoe het jy gesien hoe Hy deur jou sterk punte en gawes werk om sy koninkryk te bevorder of ander te bemoedig?

4. Wat beteken dit dat ons in staat is om alle dinge deur Christus te doen? Hoe kan jy vrede vind in jou swakheid of in moeilike omstandighede met die wete dat Hy altyd werk, selfs in jou swakheid?

5. Hoe word jy bemagtig om elke dag teen die vyand se planne te veg? Hoe kan jy die vyand oorwin deur die krag van Christus?

# NOTAS

# NOTAS

# KEN HIERDIE WAARHEDE

### ***God het jou lief.***
Selfs wanneer jy onwaardig voel en voel of die wêreld teen jou is, God het jou lief - ja, vir jou - en Hy het jou vir 'n groot doel geskape.

God se Woord sê, "God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê" (Johannes 3:16).

### ***Ons sonde skei ons van God.***
Ons is almal van nature en deur keuses sondaars, en as gevolg van dit is ons geskei van God, wat heilig is.

God se Woord sê, "Almal het gesondig, en het nie deel aan die heerlikheid van God nie" (Romeine 3:23).

### ***Jesus het gesterf sodat jy die lewe kan hê.***
Die gevolg van sonde is die dood, maar jou verhaal hoef nie daar te eindig nie! God se gratis geskenk van verlossing is aan ons beskikbaar, want Jesus het die straf vir ons sonde gedra toe Hy aan die kruis gesterf het.

God se Woord sê, "Die loon wat die sonde gee, is die dood; die genadegawe wat God gee, is die ewige lewe in Christus" (Romeine 6:23); "Maar God bewys sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was" (Romeine 5:8).

### ***Jesus leef!***
Die dood kon Hom nie vashou nie, en drie dae nadat Sy liggaam in die graf geplaas is, het Hy opgestaan, en sonde en die dood vir ewig oorwin! Hy leef vandag in die hemel en is besig om 'n plek in die ewigheid voor te berei vir almal wat in Hom glo.

God se Woord sê, "In die huis van my Vader is daar baie woonplek. As dit nie so was nie, sou Ek nie vir julle gesê het Ek gaan om vir julle plek gereed te maak nie. En as ek gegaan het en vir julle plek gereed gemaak het, kom Ek terug en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is" (Johannes 14:2-3).

### ***Ja, jy kan WEET dat jy vergewe is.***
*Aanvaar Jesus as die enigste weg na verlossing…*

Om Jesus as jou Verlosser te aanvaar gaan nie oor wat jy kan doen nie, maar eerder om geloof te hê in wat Jesus alreeds gedoen het. Dit verg dat jy herken dat jy 'n sondaar is, dat jy glo dat Jesus vir jou sondes gesterf het, en dat jy vergifnis vra, deur jou volle vertroue te plaas in Jesus se werk aan die kruis om jou onthalwe.

God se Woord sê, “As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word. Met die hart glo ons, en word ons vrygespreek; en met die mond bely ons, en ons word gered” (Romeine 10:9-10).

### *Hoe lyk dit prakties?*

Met ‘n opregte hart kan jy ‘n eenvoudige gebed soos hierdie bid:

> *God,*
> *Ek weet dat ek 'n sondaar is.*
> *Ek wil nie nog 'n dag leef sonder om die liefde en*
> *vergifnis wat U vir my het met ope arms aan te neem nie.*
> *Ek vra vir U vergifnis.*
> *Ek glo dat U vir my sondes gesterf*
> *het en uit die dood opgestaan het.*
> *Ek gee alles wat ek is oor, en vra*
> *U om die Here van my lewe te wees.*
> *Help my om weg te draai van my sonde en U te volg.*
> *Leer my om te weet wat dit beteken om in vryheid te wandel*
> *soos ek onder U genade leef, en help my om te groei in U weë,*
> *soos ek daarna streef om U beter te ken.*
> *Amen.*

As jy nou net hierdie gebed gebid het (of iets soortgelyks in jou eie woorde), sal jy ons e-mail by info@lovegodgreatly.com?

Ons sal jou graag wil help om te begin met hierdie opwindende reis as ‘n kind van God!

# WELKOM VRIENDIN

*Love God Greatly* bestaan om vrouens reg oor die wêreld te inspireer, aan te moedig en toe te rus om God se Woord 'n prioriteit in hulle lewens te maak.

### *INSPIRERING*
van vrouens om God se Woord 'n prioriteit te maak in hulle daaglikse lewens deur ons Bybelstudie hulpbronne.

### *AANMOEDIGING*
van vrouens in hulle daaglikse wandel met God deur 'n aanlyn gemeenskap en persoonlike aanspreeklikheid.

### *TOERUSTING*
van vrouens om in hulle geloof te groei, sodat hulle effektief ander mense vir Christus kan bereik.

*Love God Greatly* bestaan uit 'n pragtige gemeenskap van vrouens wat 'n verskeidenheid van tegnologie gebruik om mekaar verantwoordbaar te hou in God se Woord.

Ons begin met 'n eenvoudige Bybelleesplan, maar dit eindig nie daar nie.

Sommige vrouens kom bymekaar in hulle huise en plaaslike kerke, terwyl ander aanlyn met vrouens reg oor die wêreld inskakel. Watter metode ookal gebruik word, ons vou liefdevol ons arms om mekaar en verenig vir hierdie doel…om God heelhartig met ons lewens lief te hê.

By *Love God Greatly* sal jy ware, lewensegte vrouens vind. Vrouens wat onvolmaak, maar tog vergewe is. Vrouens wat minder van hulleself, en baie meer van Jesus begeer. Vrouens wat verlang om God deur Sy Woord te ken, want ons weet dat Waarheid ons hervorm en vrymaak. Vrouens wat beter is wanneer hulle saam is, versadig in God se Woord en in 'n gemeenskap met mekaar.

*Love God Greatly* is 'n 501 (C) (3) nie-winsgewende organisasie. Bevondsing vir *Love God Greatly* kom van donasies en opbrengste van ons aanlyn Bybelstudie joernale en boeke. LGG is toegewyd om kwaliteit Bybelstudie materiaal te voorsien en glo dat finansies nooit in die pad moet staan van 'n vrou om te kan deelneem in een van ons studies nie. Alle LGG joernale en vertaalde joernale is beskikbaar om gratis afgelaai te word van LoveGodGreatly.com vir diegene wat nie kan bekostig om dit te koop nie. Ons joernale en boeke is ook te koop op Amazon. Soek vir "Love God Greatly" sodat jy al ons Bybelstudie joernale en boeke kan sien. 100% van die opbrengs gaan direk terug in die ondersteuning van *Love God Greatly* en help ons om vrouens reg oor die wêreld te inspireer, aan te moedig en toe te rus met God se Woord.

DANKIE dat jy 'n deelgenoot met ons is!

## VIR JOU

### *Wat ons bied*

Meer as 30 Vertalings
Bybel Leesplanne
Aanlyn Bybelstudie
Love God Greatly Toep
Meer as 200 Lande Bedien

Bybelstudie Joernale
Gemeenskapsgroepe
Love God Greatly Bybel
Love God Greatly Joernaal

### *Elke studie sluit in*

Drie Blogs per Week
Daaglikse Dagstukkies
Memoriseerverse

Weeklikse Uitdagings
Weeklikse Oordenkingsvrae
Leesplan Tussen Studies

### *Ander Studies*

Ewige Verbond
Jesus, Ons Alles
Ken die Liefde
In Sy Krag: Gister en Vandag
Vrees en Angs
Opgestaan
Nader tot God
Saligsprekinge
Ester
Woorde Maak Saak
Wandel in Oorwinning
Laat Reg Geskied, Bewys Liefde En Trou,
Lewe Bedagsaam Voor Jou God
Getroue Liefde
Wees Dapper
Verlosser
Beloftes van God
Liefde Sonder Vooroordeel
Waarheid Oorwin
1 & 2 Tessalonisense
Vrees en Angs

Jakobus
Sy Naam Is...
Filippense
1 & 2 Timoteus
Toegewy
Rut
Gebroke en Verlos
Wandel in Wysheid
God Met Ons
Jy is Vergewe
Dawid
Prediker
Groei deur Gebed
Name van God
Galasiërs
Psalm 119
1 & 2 Petrus
Gemaak vir Verhoudings
Die Pad na Kersfees
Die Bron van Dankbaarheid
Jy is Geliefd